
# Ongelooflike insekte




**Jaco doen 'n projek oor insekte en hy het 'n boek by die biblioteek uitgeneem.**

Hier is die eerste vier bladsye van die boek.



## Ongelooflike insekte

deur


Alisha Antwerp

**Inhoud** **bladsy**


| Inhoud | bladsy |
|---|---|
| Moedige miere | 3 |
| Slim kolonie | 4 |
| Betowerende bye | 5 |
| Besige byekorwe | 6 |
| Skaam skoenlappers | 7 |
| Suur sprinkane | 8 |


## Moedige miere

Miere word oor die hele wêreld gevind. Hulle is omtrent 1 cm lank en leef meestal in 'n nes. Die miernes word deur 'n koningin beheer wat haar hele lewe lank net eiers lê. Al die gewone werker-miere is vroulik. Manlike miere broei net uit wanneer dit paartyd is.




*Miere en eiertjies in ondergrondse tonnels*

3

## Slim kolonie

Miere werk en leef baie goed saam. 'n Groep miere word 'n kolonie genoem. Die meeste van die miere wat ons sien, het nie vlerke nie. Dit is die werkers en hulle is heeltemal te besig op die grond om rond te vlieg. Maar tog is daar baie miere met vlerke. Sommige miere eet dooie diere en ander leef van plante. Miere leef slegs vir ongeveer 45 tot 60 dae.



*Miere soek kos*

4

Beantwoord die volgende vraag

1. Wat is die naam van die biblioteekboek?
2. Op watter bladsy kan jy oor skoenlappers lees?
3. Op watter bladsy kan jy oor sprinkane lees?
4. Op watter bladsye is daar inligting oor bye?
5. Hoeveel bladsye het die boek oor miere?
6. Wat is die outeur (skrywer) se naam?
7. Wat is die opskrif op bladsy 3?
8. Skryf drie feite oor die mier neer.

MEMO

1. Wat is die naam van die biblioteekboek?
   Ongelooflike insekte
2. Op watter bladsy kan jy oor skoenlappers lees?
   Bl.7
3. Op watter bladsy kan jy oor sprinkane lees?
   Bl.8
4. Op watter bladsye is daar inligting oor bye?
   Bl.5 en bl.6
5. Hoeveel bladsye het die boek oor miere?
   2 bladsye
6. Wat is die outeur (skrywer) se naam?
   Alisha Antwerp
7. Wat is die opskrif op bladsy 3?
   Moedige miere
8. Skryf drie feite oor die mier neer.
   Hulle is omtrent 1 cm lank. / Hulle leef meestal in 'n nes. / Die miernes word deur die koningin beheer. / Koningin mier lê haar hele lewe lank eiers ens.
   Enige aanvaarbare antwoord oor miere.